NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

MUSIEK: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulp-eksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal nie in enige bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne betrokke raak nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2024

VRAAG 1

Luister na **Snit 01 (00:29), Snit 02 (00:42), Snit 03 (00:42**), **Snit 04 (00:39)** en **Snit 05 (00:32)**.

1.1 Pas elke term hieronder by die snit waarin dit gehoor word. Gebruik elke term slegs een keer. Vul net die letters wat met twee terme ooreenkom onder elke snit in.

A Mineurtoonsoort
B 5/4 (onreëlmatige tydmaatteken)
C Tango-ritme
D Swing
E Resitatief
F Sekwens
G Ornamentasie
H 12-maat blues
I Strykers
J Nabootsing

Snit 1	Snit 2	Snit 3	Snit 4	Snit 5
B	A	E	G	H
F	I	C	J	D
	F		F	

1.2 Verwys na die melodie hieronder terwyl jy na **Snit 06** (**00:47)** luister.



1.2.1 Korrigeer die ritme in maat 18. Skryf jou antwoord op die notebalk hieronder.



1.2.2 Noem die kadens in maat 19–20.

Onvolmaakte kadens

1.2.3 Identifiseer **twee (2)** instrumente of groepe instrumente wat hierdie wysie speel.

Strykers/viole
Koperblasers/Franse horings

IEB Copyright © 2024

Luister na **Snit 07 (00:52)**.

1.3 Onderstreep die woord wat die tekstuur van die musiek die beste beskryf …

1.3.1 ... in die **strykers** aan die begin van die uittreksel.

Homofonies
Monofonies
Polifonies

1.3.2 ... in die **klavierparty**.

Homofonies
Monofonies
Polifonies

1.3.3 Beskryf **twee (2)** ander verskille (anders as tekstuur en timbre) tussen die musiek wat deur die strykers gespeel word en die musiek wat deur die klavier gespeel word.

Strykers: hard/forte
Klavier: sag/piano

Strykers: gepunteerde ritmes, staccato
Klavier: legato

Strykers: streng tempo (behalwe vir die effense terughou aan die einde)
Klavier: tempo voel stadiger, met gebruik van rubato

Strykers: twee groot spronge in die melodie: 'n oktaaf en 'n sesde
Klavier: die enigste sprong in die hoofsaaklik trapsgewyse melodie is 'n derde

1.4 Luister na **Snit 08 (01:33)**. Plaas **drie (3)** regmerkies om die kenmerke van die musiek te identifiseer.

Saamgestelde tweeslagmaat		Rubato	
Die klavier speel sy eie melodie, heel anders as die stemparty	✓	Strofiese vorm	✓
Enkelvoudige drieslagmaat	✓	Die klavier en die stem deel die hoofmelodie	
Deurgekomponeer		Enkelvoudige vierslagmaat	

Luister na **Snit 09 (00:52)**.

1.5 Watter **twee (2)** van die volgende is **NIE** kenmerke van hierdie uittreksel **NIE**?

Chromatiek	X	Onvolmaakte kadens	
Onderbroke kadens	X	Tonikapedaalpunt	
Diatoniese melodie		Enkelvoudige vierslagmaat	

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2

Luister na **Snit 10 (00:58)** en verwys na **Bylaag A** in jou Hulpbronboekie.

2.1 Identifiseer die vorm van hierdie stuk.

A A^1 B A^2 / AABA / 32-maat populêre lied

2.2 Identifiseer die tipe toonleer wat deur die melodienote in maat 1^2–9^1 gevorm word.

Pentatoniese toonleer

2.3 Noem **twee (2)** komposisietegnieke wat in maat 17^2–25^1 gehoor kan word.

Strykers in kanon met stem; Sekwens (18^2–22^1).

2.4 Verwys na **Bylaag B** wat uit die *Tonight*-ensemble uit *West Side* Story kom. Noem die karakter(s) in elke uittreksel en identifiseer **twee (2)** maniere waarop die karakter(s) deur die komponis uitgebeeld word. Verwys na die vokale melodie en instrumentale begeleiding.

	Uittreksel 1	**Uittreksel 2**
Karakter(s)	Riff en Bernardo en hul bendes	Anita
Vokale melodie	Vinnige, kort note in resitatiewe styl gesing. Sing in lae tessitura – wat die stemme 'n onheilspellende kwaliteit gee en hul geweld-dadige bedoeling toon. Sillabies	Dieselfde melodie as Riff en Bernardo, maar ritme word verander na 'n triool (meer verleidelik) – toon haar suggestiewe aard (eerder as die direkte en nie-subtiele agstenote van Riff en Bernardo). Sing in 'n lae tessitura. Anita se uittreksel is ook sillabies.
Instrumentale begeleiding	Dieselfde as Uittreksel 2: drienoot-ostinato in bas. Agstenoot-ostinati in viole.	Ingelei deur glissando-saxofoon – sensuele (*sexy*) karakter. Dieselfde as Uittreksel 1: drienoot-ostinato in bas. Agstenoot-ostinati in viole. (Ostinato-patroon van Uittreksel 1 word voortgesit.) Die begeleiding is ligter en sagter as in Uittreksel 1.

IEB Copyright © 2024

Luister na **Snit 11 (04:01)** en **Snit 12 (02:06)**, twee liedere uit *West Side* Story.

2.5 Vergelyk en kontrasteer die stilistiese kenmerke van die twee liedere. Verwys na tonaliteit, tydmaat, die openingsintervalle, instrumentasie en tekstuur.

	Snit 11 (*Cool*)	**Snit 12 (*Somewhere*)**
Tonaliteit	Mineur / Atonaal	Majeur
Tydmaat	2/2	4/8 (2/2)
Openings-intervalle	Vergrote 4de interval in vokale opening	Mineur 7de interval in vokale opening
Instrumentasie	Deur jazz beïnvloed, klink soos 'n big band (geslote hi-hat-ritme, gedempte trompette en saxofone) Trompet-*stabs* / riff-gebaseerde begeleiding / xilofoon / roep en antwoord met die stem / vingerklikke	Fokus op strykers
Tekstuur	Monofoniese inleiding (melodie-instrumente speel in unisoon) Melodie en begeleiding, dan word instrumentale breek kontrapuntaal	Basies homofonies Polifoniese skryfwyse onder die stemparty

Luister na **Snit 13 (05:25)**.

2.6 Noem die jazz-styl wat deur **Snit 13** verteenwoordig word.

Bebop

2.7 In watter dekade was hierdie jazz-styl die gewildste?

1940's

2.8 Wat is die oorspronklike opname van hierdie stuk genoem?

***Thriving from/on a Riff* (Aanvaar beide)**

2.9 Noem die struktuur van die kop (*head*).

AABA

IEB Copyright © 2024

2.10 Hoe verskil die melodie van hierdie stuk van die meeste melodieë wat in die swing-era gehoor is?

- ***Anthropology* se melodie is meer kompleks as die melodieë van die vroeër swing-tydperk.**
- **Dit inkorporeer ingewikkelder melodiese frases as in swing.**
- **Onreëlmatige frasestrukture kom voor, veral in die solo-improvisasies.**
- **Gebruik meer chromatiek as voorheen.**
- **Baie moeiliker om te onthou as swing-melodieë, en amper onmoontlik om te sing.**
- **Frases word dikwels met twee vinnige note (bebop) afgesluit.**

2.11 Luister na **Snit 13 (05:25)** en **Snit 14 (00:46)**. Verduidelik wat 'n kontrafak (*contrafact*) is en wat die twee snitte in gemeen het.

Kontrafak (*contrafact*): musiekkomposisie wat uit 'n nuwe melodie bo-oor 'n bekende harmoniese struktuur bestaan.

***Anthropology* se akkoordprogressie is op die akkoordprogressie van *I got Rhythm* gebaseer.**

IEB Copyright © 2024

VRAAG 3

Luister na **Snit 15 (01:43)**.

3.1 Wat gebeur op hierdie punt in die opera, en hoe gee die komponis die aksie in die musiek weer?

Die Commendatore is deur Giovanni gesteek en is besig om te sterf.
Die musiek se tempo verander – dit word stadiger.
Dalende chromatiese toonleer – toon dat hy gesterf het.
Mineurtoonsoort, kort frases, beperkte omvang.

3.2 Hoe verskil Leporello se musiekstyl van Don Giovanni en die Commendatore s'n in hierdie uittreksel?

Don Giovanni en Commendatore: sing langer nootwaardes. Don Giovanni boots die styl van die Commendatore na. Beide het 'n opera seria styl.

Leporello: sing vinnige note, sillabiese sang, een noot per lettergreep. Rammelstyl. Tipies van komiese karakter.

3.3 Noem die opera-element wat aan die einde van die uittreksel gebruik word en beskryf die rol daarvan in opera.

Resitatief
Dit help die intrige aanbeweeg en vervang dialoog.

Luister na **Snit 15a (01:02)**.

3.4 Wat is die tekstuur van hierdie uittreksel? Beskryf hoe Bernstein dieselfde tekstuur in die *Tonight*-ensemble geskep het.

Polifonies
***Don Giovanni*: Al drie karakters sing saam, maar behou hul eie individuele karaktertrekke en hul eie gevoelens/emosies.**
***Tonight*-ensemble: Elke karakter word individueel gehoor, dan saam.**

3.5 Mozart het na *Don Giovanni* verwys as 'n "opera buffa" en die librettis, Da Ponte, het dit 'n "dramma giocoso" genoem. Verduidelik die betekenis van hierdie twee terme en gee **een** (1) rede waarom *Don Giovanni* 'n goeie voorbeeld van opera buffa is.

Opera buffa: komiese opera
Dramma giocoso: beide ernstig en snaaks
Don Giovanni bevat al die gebruiklike opera buffa-karakters – die ernstige, die komiese en die tussen-in karakters

IEB Copyright © 2024

VRAAG 4

Harmoniseer die gegewe melodie in vierstemmige harmonie.

Sluit die volgende in:
- Deurgangsprogressie
- Twee verskillende kadense
- Kadensiële 6/4 progressie
- Dominantsewende-akkoord

Dui die toonsoort onder die notebalk aan en besyfer alle akkoorde.



Toonsoort: G majeur (1)
Elke akkoord = 1 × 12
Verkeerde verdubbeling/spasiëring = minus 0,5
Opeenvolgende 5des/8stes = minus 0,5
Verkeerde oplossing van V7 = minus 0,5
'n V7 nie gebruik nie = minus 1
'n Deurgangsprogressie nie gebruik nie = minus 1
Nie twee verskillende kadense gebruik nie = minus 1
'n Kadensiële 6/4 nie geskryf nie = minus 1
Akkoordbesyfering verkeerde kwaliteit = minus 0,5 per akkoord

Kandidate sal krediet gegee word vir ander korrekte antwoorde/akkoorde.

IEB Copyright © 2024

VRAAG 5

Luister na **Snit 16 (02:44)** en **Snit 17 (02:29)**, twee verwerkings van een van jou voorgeskrewe werke.

Gebruik die musiek wat jy in **Snit 16** en **Snit 17** hoor en jou eie kennis om in 'n opstel krities te evalueer in watter mate die twee verwerkers nuwe weergawes van die oorspronklike stuk geskep het. Jou evaluering moet op die **musiekelemente** in elke verwerking fokus.

MOENIE jou mening oor die gehalte ("goed"/"swak") van die verwerkings gee **NIE**, maar gee eerder spesifieke voorbeelde uit die opnames om te verduidelik hoe die nuwe weergawes saamgestel is.

Sluit benewens jou evaluering die volgende inligting in:
- Die naam van die voorgeskrewe werk en die komponis.
- Die komposisiegenre wat deur die voorgeskrewe werk verteenwoordig word.
- 'n Kort agtergrond van die genre.

Jou opstel sal volgens die volgende rubriek nagesien word:

RUBRIEK VIR OPSTEL	
20–16	Kandidaat toon duidelik 'n begrip van die vraag, lewer feitelike bewyse en verwys na musiek-elemente soos melodie, tydmaat, tekstuur, ens. Voldoen aan al die vereistes en verskaf 'n insiggewende evaluering van die werke met verwysing na die spesifieke kenmerke van die twee snitte en die kandidaat se eie kennis.
15,5–10,5	Toon 'n begrip van die vraag, lewer feitelike bewyse en verskaf 'n paar verwysings na musiekelemente soos melodie, tydmaat, tekstuur, ens. Voldoen aan al die vereistes en verskaf 'n paar verwysings na die spesifieke kenmerke van die twee snitte en die kandidaat se eie kennis.
10–5,5	Toon slegs 'n gedeeltelike begrip van die vraag en lewer beperkte feitlike bewyse en verwysings na musiekelemente soos melodie, tydmaat, tekstuur, ens. Voldoen aan al die vereistes en verskaf gedeeltelike verwysings na die spesifieke kenmerke van die twee snitte en die kandidaat se eie kennis. Daar is 'n wanbalans tussen die afdelings van die opstel.
5–0,5	Toon minimale begrip van die vraag, voltooi nie al die vereistes nie en verskaf slegs 'n vae verwysing na die feite, die musiekelemente of die kandidaat se eie kennis of maak geen gebruik daarvan nie. Geen evaluering word aangebied nie. Daar is geen balans in die opstel nie.

IEB Copyright © 2024

	Snit 16 (02:44).	**Snit 17 (02:29).**
	Beethoven – Verwerking 1	Beethoven – Verwerking 2
Voorgeskrewe werk	Beethoven – Simfonie Nr. 5 in C mineur Op. 67, 4de beweging Klassieke simfonie Agtergrond: Klassieke periode vanaf c. 1750 tot c. 1820/30 Simfonie ontleen aan Italiaanse ouverture. Eerste beweging in sonate of sonate-rondo vorm. Vierde beweging gewoonlik in sonate- of sonaterondo-vorm. Ontwikkel deur Mannheim-skool (Stamitz) en F.J. Haydn. Verder ontwikkel deur Beethoven wat die formele struktuur uitgebrei het ter wille van groter dramatiese effek. Ander relevante inligting. (Maksimum punte vir agtergrond)	
Styl	Verwerk in klavierkonsert-styl Concerto (stadige 2de beweging).	Verwerk in 'n marstipe styl *Ben marcato* Triomfantlik
Tempo	Stadiger as die oorspronklike	Vinniger as die oorspronklike
Ritme	Noodlotsmotief (s-s-s-l) nie gebruik nie Oorspronklike eerste tema se patroon van gepunteerde agstenote nie gebruik nie.	Oorspronklike tema se patroon van gepunteerde agstenote nie gebruik nie. Gebruik gewone agstenote. Noodlotsmotief (s-s-s-l) nie gebruik nie (enigste verwysing daarna is aan die einde).
Tydmaat	4/4	4/4 (in 'n *alla breve*-gevoel) Soos 'n mars
Instrumente	Strykers: Viool 1, viool 2, altviool, tjello, kontrabas Klavier Houtblasers: Fluite, hobo's Koperblasers: Horings, trompette, trombone Slaginstrumente: Timpani, glockenspiel, buisklokke, windklokke.	Marsorkes-opstelling Prominente slaginstrumente Prominente koperblasers Geen strykers nie
Dinamiek	Deurgaans piano (sag) met geleidelike crescendos (opwellings). Forte wanneer koperblasers bykom. Begin sag (*pp*; dan geleidelike crescendos/opwellings) Oorgangstema/brug: mezzo-piano, crescendo tot forte Tema 1 tot einde: piano, decrescendo tot *ppp*.	Deurgaans forte. Gebruik van *Sfz* en aksente.
Orkestrasie (hoe instrumente in die stuk gebruik word)	**Tema 1:** • Begin met strykers en glockenspiel; • C majeur drieklank stadig, sag gespeel deur klavier. (oorspronklik = tutti, *ff*; koperblasers baie prominent). Legato (oorspronklike het vinnige losstaande note). Geen gepunteerde ritmes nie.	**Inleiding:** slaginstrumente **–** bastrom, snaartrom, simbale, dan tutti in die styl van 'n militêre mars (*alla marcia).* **Tema 1:** Tutti begin met majeur tonikadrieklank, gevolg deur losstaande note soos die oorspronklike. Melodie op trompette, trillers op fluite en piccolo; gevolg deur 'n stygende toonleerpassasie gespeel deur houtblasers met prominente horing.

IEB Copyright © 2024

	Strykers begelei (*pizz* en arco*);* tremolos. Crescendos voor die oorgangstema/brug (bygevoegde horings, trompette, klavier (forte). **Oorgangstema/Brug:** • Forte*:* koperblasers (trompetfanfare), klavier, buisklokke en glockenspiel. • C–G (modulasie na dominant). • Begin met melodie op klavier, met begeleiding van strykers, en timpani. **Tema 1** (terugkeer): G majeur – verskil van die oorspronklike, maar soortgelyk aan tema 1 aan die begin van hierdie verwerking. Slegs klavier vir vier mate – piano (sag). **Slottema/Kodetta:** Kort verwysing na slottema/kodetta op klavier (3 × dalend). Stadiger. Eindig met timpani en klavier *ppp;* kontrabas (*pizz).*	Begeleidingspatroon: tussenslag- (*off-beat*) -patroon op horings, eufonium en tuba (koperblasers). **Tema 1** word herhaal. **Oorgangstema/Brug:** • Melodie word gespeel deur trombone en horings (8 mate). Trompette speel 'n herhaalde fanfare-agtige agstenoot-patroon. • Die melodie word voortgesit in saxofone en trompette. • Slaginstrumente: prominente bastrom en simbale. Voel soos *alla breve*. Pouse **Slottema/Kodetta:** • Melodie in koperblasers • Korter as die oorspronklike Oorspronklike se melodie word deur strykers en houtblasers gespeel, en dan deur tutti herhaal. **Ontwikkelingseksie:** Ontwikkel die **2de tema** (maar sonder die triole). • Eers gespeel deur trompette en saxofone in gewone agstenote (nie triool agstenote nie); dan hoë houtblasers (piccolo, fluite, hobo's en klarinette). • Roep en antwoord tussen trompette en saxofone (gewone agstenote) en hoë houtblasers (triole). **Slaginstrumentebreek:** • Volle slaginstrumente: 4 mate • Dan 4 mate met net snaartrom met piccolo wat die eerste tema speel (tonikadrieklank). **Slottema/Kodetta:** • Tutti • Basinstrumente (bastrombone, eufonium, tuba, laer saxofone) speel tonikadrieklank en hoë trillers in hoër blaasinstrumente; prominente slaginstrumente (bastrom, simbale speel openingspatroon). • Tonikadrieklank (gespeel deur lae koperblasers).

IEB Copyright © 2024

		• Verwysing na die noodlotsmotief aan die einde (s-s-s-l motief, maar in 'n majeur toonsoort).
Tonaliteit	Majeur	Majeur
Harmonie	In 'n mate soortgelyk aan die oorspronklike, maar gereelde gebruik van sewende-akkoorde en onderbroke kadense i.p.v. volmaaktes.	Soortgelyk aan die oorspronklike.
Vorm/ Struktuur	Gebruik nie sonatevorm van die oorspronklike nie, maar wel tema 1, oorgangstema/brug en slottema/kodetta.	Nie in die sonatevorm soos die oorspronklike een nie. Slaginstrumentinleiding (tipiese inleiding in marsstyl); gevolg deur agmaatfrases.
Temas gebruik	Tema 1: C majeur, stadig, op klavier, sag Begin ook met C majeur drieklank. Legato (oorspronklike het vinnige losstaande note). Geen gepunteerde ritmes nie. Oorgangstema/Brug: C–G (modulasie na dominant): soortgelyk aan die oorspronklike. Eindig met slottema/kodetta.	Tema 1: Tema 2 (agstenoot-triole net gebruik in die ontwikkelingseksie). Oorgangstema/Brug. Slottema/Kodetta
Modulasies	C majeur na G majeur	Begin in C majeur. Kortstondige modulasie na G majeur in slottema/kodetta.
Tekstuur	Oorwegend homofonies.	Oor die algemeen homofonies, maar polifoniese elemente danksy kontramelodieë in elke seksie.
Artikulasie	Legato	*Ben marcato* Sterk nadruk en aksente.

15 punte beskikbaar vir vergelyking. Kandidate moet poog om 'n gebalanseerde vergelyking te tref.

Nie meer as 9 punte beskikbaar vir óf Snit 16 óf Snit 17 nie.

IEB Copyright © 2024

VRAAG 6

Luister na **Snit 18 (04:15)**.

6.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse styl wat in hierdie snit gehoor kan word. Gee **twee (2)** redes vir jou antwoord en noem die dekade waarin dit ontwikkel het.

Isicathamiya
Manlike a cappella-sang
Europees-Amerikaanse vierstemmige harmoniegesange
Roep en antwoord
1930's

6.2 Noem **twee (2)** sosiopolitieke invloede wat aanleiding gegee het tot die musiek wat in **Snit 18** gehoor word.

Gedwonge arbeidmigrasies van Zoeloemans vanaf landelike gebiede na stedelike gebiede of mynsentrums.

Beknopte omstandighede in hostelle slegs vir mans in myndorpe soos Johannesburg. Interhostel kompetisies tussen a cappella-groepe is as 'n vorm van vermaak gehou.

Gee uitdrukking aan verset teen oorheersing.

6.3 Luister na **Snit 19 (03:59)**, 'n verwerking van jou voorgeskrewe werk, *Meadowlands.*

6.3.1 Noem die komponis van hierdie liedjie en die dekade waarin dit gekomponeer is.

Strike Vilakazi; 1950's

6.3.2 Beskryf die sosiopolitieke omstandighede wat aanleiding gegee het tot die skepping van hierdie liedjie.

Dit is in 1956 geskryf as protes teen die gedwonge verskuiwings van Sophiatown se inwoners na die nuut gevestigde township, Meadowlands.

Die Groepsgebiedewet van 1950 het sekere gebiede aangewys waar slegs 'n spesifieke ras mag gebly het.

IEB Copyright © 2024

6.4 Luister na **Snit 19 (03:59)** en **Snit 20 (02:18)**.

Vergelyk **Snit 19** en **Snit 20** onder elk van die volgende opskrifte:

	Snit 19	**Snit 20**
Harmonie (akkoordprogressie)	I – IV – V – I	12-maat blues-struktuur
Instrumentasie	Tromstel, elektriese baskitaar (*walking bass*), elektriese kitaar, penniefluit, tromboon, trekklavier, stem.	Penniefluit, kitaar (akkoordbegeleiding), tromstel, akoestiese baskitaar (*walking bass*)
Naam van instrument(e) wat in elke snit improviseer	Penniefluit & tromboon	Penniefluit

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2024